

9 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 11:28-44

Fokusgedeelte: Johannes 11:35,43

Jesus, waarlik mens en waarlik God

Na al die gesprekke van Jesus met die Jode beskik God deur die siekte en dood van Lasarus dat die verhouding tussen Jesus en sy Vader baie duidelik geopenbaar word (Joh 11:4). Daarvoor dank Jesus sy Vader hardop by die graf van Lasarus. Die Johannes-evangelie getuig sterk daarvan dat Jesus, soos die Vader, ook God is. Met Goddelike mag roep Jesus sodat almal kan hoor: "Lasarus, kom uit!" En hy, wat al vier dae dood was, het lewendig uitgekom.

Die feit dat Jesus volledig mens is kom egter ook hier na vore: "Jesus het gehuil". Letterlik: trane gestort, in trane uitgebars. Dit is die enigste plek in die Nuwe Testament waar hierdie uitdrukking gebruik word. Vir die huil van Maria in vers 33 word 'n ander woord gebruik, soos in Luk 19:41 waar Jesus huil (weeklaag) oor Jerusalem. As Jesus trane stort, verg dit 'n spesiale woord – selfs anders as Petrus se bitterlike gehuil. "Trane stort" druk hier egte, volledige, menslike meegevoel uit met Marta en Maria. Dit kom vanuit Jesus se sondelose, menslike natuur. Ons heilige Hoëpriester stort trane in volmaakte menslike medelye net soos sy volmaakte menslike benoudheid in Getsémane sy sweet soos bloeddruppels laat word het. Só openbaar Hy Hom as die Liefde wat Homself gegee het om vir ons gekruisig te word. Jy kan vrymoedig met alles na Hom toe gaan. Hy is ook nou ons Hoëpriester. Hy verstaan (Heb .4:15-16).

Sing: Psalm 9:1,7

Ds J Venter (Emeritus)